## **Tema – Genade aan die kruis**

Familie en vriende in onse Here Jesus Christus Groete ek julle met hierdie woorde:

**Votum en seën**

**Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.**
**Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.**
**Amen.**

Dit is vir my ‘n besonderse groot voorreg om weer vir julle die Woord van die Here te kan bedien. Ek wens rerig dat ek saam julle kon wees en goeie vrydag vier.

Kom ons begin vanoggend se diens deur die saam te lees uit die Woord van die Here uit Markus 15 vanaf vers 33 tot 41.

| | |
|---|---|
| 33 | Teen twaalfuur die middag het daar duisternis oor die hele land gekom en dit het tot drie-uur geduur. |
| 34 | Om drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eloï, Eloï, lemá sabagtani?” Dit beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat? |
| 35 | Toe party van die mense wat daar naby gestaan het, dit hoor, sê hulle: “Hoor daar, hy roep vir Elia.” |
| 36 | Een van hulle het toe gehardloop, 'n spons in suur wyn gesteek en dit vir Hom op 'n stok gehou om te drink. Hy het gesê: “Wag, kom ons kyk of Elia hom van die kruis kom afhaal.” |

| | |
|---|---|
| 37 | Daarna het Jesus hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. |
| 38 | Die voorhangsel in die tempel het van bo tot onder middeldeur geskeur. |
| 39 | Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het, Hom die laaste asem só sien uitblaas het, het hy gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.” |
| 40 | Daar het ook vroue op 'n afstand gestaan en kyk. Onder hulle was Maria Magdalena en Maria die moeder van Klein-Jakobus en Joses, en Salome. |
| 41 | Toe Jesus nog in Galilea was, het hulle oral saam met Hom gegaan en Hom versorg. Baie ander vroue wat saam met Hom na Jerusalem toe gekom het, was ook daar. |

Vanoggend wil ek so bietjie julle op ‘n reis neem saam met my. Daar waar jy is, of jy nog in die bed lê of in die kombuis is en koffie drink en of jy dalk in die sitkamer is waar ookal, kom ons raak vir ‘n oomblik rustig voor die Here.

**Kom ons luister na hierdie volgende storie,**

My naam is Maximus Aurelius. Ek is ‘n offisier in die Romeinse weermag. En vanoggend wil ek julle graag vertel van iets wat gebeur het toe ek in die jaar 30 NC in die provinsie Palestina gestasioneer was.

Maar kom ek vertel julle eers iets van myself. Ek is gebore in ‘n klein dorpie net buite Rome in Italië. Ek is gebore as ‘n Romeinse burger en het al die voordele van Romeinse burgerskap geniet. Soos die meeste jong manne, het ek by die Romeinse leer aangesluit nadat ek eers ‘n goeie opvoeding ontvang het.

Na my opleiding, is ek uitgeplaas na verskeie dele van die Romeinse Ryk, en is later bevorder tot die rang van centurio, of dan offisier, wat beteken het dat ek in bevel van honderd manskappe geplaas is.

Ek en my manne het opdrag gekry om na die provinsie Palestina toe te gaan. Ons was nie juis baie opgewonde oor hierdie skuif nie, aangesien almal geweet het dat

dit maar baie onstuimig was in Palestina. Dit was die land van die Jode, of dan die Judeërs, en sommiges van hulle het aanhoudend in opstand gekom teen die Romeinse regering se bewind.

Die Judeërs was ‘n vreemde volk. Anders as al die ander volke waarmee ek te doene gekry het, soos die Romeine, die Grieke en al die ander volke in die Midde-Ooste, glo die Judeërs in net een God. Hulle het ook glad nie beelde wat hulle aanbid nie. Hulle aanbid hulle een God in ‘n tempel wat in Jerusalem staan. Hierdie plek is vir hulle geweldig heilig, en sekere tye van die jaar trek almal op na hierdie tempel om te aanbid. Dit is veral dan wanneer opstande en moeilikheid aan die orde van die dag is.

Terwyl ons daar in Jerusalem gestasioneer was, het ons gehoor van ‘n nuwe groepering wat ontstaan het. **Hierdie mense was die volgelinge van Jesus.** Hulle was ‘n baie vreedsame groep, glad nie gewelddadig soos byvoorbeeld die Esseners of Makkabeërs nie. Hulle leier, Jesus, het mense gesond gemaak, verkondig dat die koninkryk gekom het, en het selfs mense uit die dood opgewek. Hy het van vrede, liefde, omgee en vergifnis gepraat. Daar is selfs vertel dat Hy op ‘n keer met net ‘n paar brode en vissies ‘n skare van ‘n hele paar duisend mense laat eet het! Hulle was rustige mense wat nie moeilikheid gemaak het nie, maar om een of ander rede kon die Joodse godsdienstige leiers hierdie Jesus glad nie verdra nie.

Meer en meer mense het na Hom toe begin stroom en net nou die dag, toe Hy ook vir die jaarlikse fees na Jerusalem toe gekom het, het dié saam met Hom en baie van die inwoners van Jerusalem Hom soos ‘n koning behandel. Hulle het palmtakke en van hulle klere voor Hom uitgesprei soos hulle met ‘n koning sou maak – maar Hy het nie juis baie koninklik gelyk nie, Hy het dan daar aangery gekom op ‘n ou donkietjie!

Ek dink dat die Joodse godsdienstige leiers toe besef het dat hulle plan sou moes maak met hierdie Jesus, want Hy was besig om gans en al te gewild te word. Hulle kon dit nie toelaat nie. En toe maak hulle, hulle plan.

Laat een aand, het ek opdrag gekry dat ek en ‘n klompie van my manne saam met ‘n klomp van die Joodse priesterhoofde moes gaan om hierdie Jesus in hegtenis te gaan neem. Ek het nie geweet hoekom nie, of wat die klag kwansuis was nie, maar bevele is bevele. Jy luister of dit is jou kop op die kapblok.

Saam met die priesterhoofde, is ons toe na middernag na ‘n tuin buite die stad, ‘n tuin met die naam Getsemane. Daar het een van Jesus se eie volgelinge vir ons gewys presies wie dit is wat ons moet arresteer, deur Jesus op sy wang te soen. In die geharwar van die arres en bakleiery met Jesus volgelinge, het ek gesien dat daar werklik iets besonders aan dié Jesus was. Hy het kalm gestaan en wag dat ons Hom moet arresteer. Hy het Hom nie verset nie, so al of Hy geweet het wat gaan gebeur en wou gehad het dat dit moes gebeur.

Die priesterhoofde het nog dieselfde nag hierdie Jesus verhoor en daarop aangedring dat Hy volgens hulle godsdienstige wette skuldig was. Nog die goewerneur Pilatus, nog Herodes, wat deur my keiser as koning van Palestina aangestel is, wou die verantwoordelikheid vat om Jesus te veroordeel. Ek en my manne moes bontstaan, want die Judeërs het erg opstandig begin word toe Pilatus nie vir Jesus ter dood wou veroordeel nie, soos die Joodse leiers aangedring het moet gebeur nie.

Toe ons amper nie meer die skare kon beheer nie, het Pilatus vir die Jode voor ‘n keuse gestel. Dit was die gebruik om tydens die Joodse paasfees een Joodse gevangene vry te laat. Pilatus het gesê dat hulle moet kies: Of hy laat vir Barabbas, ‘n veroordeelde moordenaar vry, of hy laat vir Jesus vry. En Die skare het geskreeu dat Barabbas vrygelaat moet word en dat Jesus gekruisig moet word.

Pilatus het toe maar gehoor gegee aan die skare se geskree en aan my en my manskappe die opdrag gegee om toe te sien dat Jesus gekruisig word. Die skare se geskreeu het ‘n slegte uitwerking op my manne gehad.

Hulle is meegesleur deur die woede van die skare en hulle het ook vir Jesus gespot. Hulle het Hom geslaan met swepe, hulle het op Hom gespoeg en Hom verder

verneder deur Hom soos ‘n kamma koning te behandel. Hulle het vir Hom ‘n pers mantel aangetrek soos ‘n koning sou dra, hulle het ‘n kroon van dorings op sy kop gesit, hulle het vir Hom ‘n stok in plaas van ‘n koninklike staf in die hand gestop. Ek het hulle maar laat begaan.

Ons het Jesus, soos die gebruik was, self die dwarsbalk van sy kruis laat dra deur die strate van Jerusalem, op pad na die plek waar Hy gekruisig sou word. Op ‘n stadium het Hy inmekaargesak – en ek het toe een van die omstanders gekommandeer om Jesus se kruis verder te dra.

Buite die stad was daar ‘n koppietjie wat hulle Golgota genoem het. Dis waar die mense gekruisig is. Ek gaan julle die detail van die kruisiging spaar, want dis een van die wreedste maniere om iemand tereg te stel wat ek ooit aanskou het. Genadiglik mag ons as Romeinse burgers nooit gekruisig word nie – dis ‘n straf wat net nie-Romeine kan tref!

Dié Jesus het ‘n paar goed gesê terwyl Hy daar aan die kruis hang. Die laaste ding wat Hy gesê het, onthou ek baie goed. Hy het gesê: ‘Dit is volbring’ en toe het sy kop vooroor gesak en Hy het sy laaste asem uitgeblaas. Ek onthou dit, want dis so al of dié Jesus wou sterf. Hy is dood na net ‘n paar ure op die kruis – dit het meestal ‘n paar dae gevat voor iemand wat aan ‘n kruis hang, doodgegaan het.

Toe Jesus sy laaste asem uitblaas, het dit skielik baie donker geword, daar was aardbewings en hulle het my later vertel dat ‘n groot gordyn in die Jode se tempel middeldeur geskeur het. Alles wat ek van hierdie Jesus gesien het, alles wat ek Hom hoor sê het, alles wat rondom sy dood gebeur het, het ‘n geweldige indruk op my gemaak.

Ek het daar aan die voet van die kruis gestaan en ek, Maximus Aurelius, centurio van die Romeinse Leer, het bely: ‘Hierdie man was werklik die Seun van God!’ Baie ander daar het dit gesê, maar ek het dit geglo. Want wat daar gebeur het, was anders. Hierdie man was anders. En ek kon sien, al het Hy eintlik daar gehang, Hy was nie werklik alleen nie.

Familie en vriende ek het die naam Maximus Aurelius sommer maar net opgemaak. Ons weet nie wie die offisier, wat so bely het, was nie. Ek het dié storie maar so vertel sodat ons ‘n baie bekende storie hopelik ‘n bietjie vanuit ‘n ander oogpunt kan sien.

Dat ons die storie op so ‘n wyse kon beleef asof onsself daar was.

En nou is die vraag, op hierdie Goeie Vrydag is, wat maak ons met hierdie storie, wat beteken dit vir ons?

Ek wil die vraag vanoggend op ‘n anderste manier probeer antwoord.

Elkeen van ons gaan deur die lewe en ervaar die Here op manière wat anders is. Sommiges voel die Here het jou totaal en al verlaat, Sommiges voel die Here is nie meer daar nie, want kyk net na my omstandighede. Alles is meer negatief as positief en alles word net skielik vir my te veel. Waarheen nou?

Kom ek probeer dit antwoord. Die kruis is genade van bo!

Ons wat glo, weet wat God se genade is. Hy het dit aan ons duidelik gemaak daardie dag op Golgota. So duidelik, dat selfs die Romeinse offisier dit kon sien, daardeur aangeraak is en tog geloof gekom het oor dit wat voor sy oë aan die gebeur is.

Genade wat so geweldig is, dat dit ‘n mens aangryp, en ja maar net kan staan en sê: Waarlik, Hy is die Seun van God!

Genade wat so geweldig en omvattend is, dat alle skeiding op hierdie dag weggeneem is tussen God en ons. En is daar vir ons plek gereed in die huis van ons – vir almal wat weet en waaragtig glo dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is.

Met hierdie kruis het Hy vir ons plek gereed gemaak by sy Vader. Dit is immers waarom ons vandag Goeie Vrydag noem.

Dit is my gebed dat U in hierdie dag sal ervaar hoe groot die Here se genade is en steeds is. Deur die genade aan die kruis is ons skoongewas. Daarom kan ons

vandag opstaan in ‘n wêreld waar dit werklik moeilike gaan. Ons sien die stygende syfers van die Corona Virus en al wat ons kan doen is om na die Here te draai en Hom te vertrou.

Ek wil julle aanmoedig om nie in hierdie tyd mismoedig te word nie, maar steeds julle koppe hoog te hou. Moenie hoop verloor nie, want ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons krag gee elke dag.

Mag julle in hierdie tyd veilig bly. Mag julle as gesinne groei en mag julle weet dat God in beheer is.

Amen

**Gebed**

**Seëngroet**

Die Here is VOOR jou om die weg gelyk te maak.

Die Here is AGTER jou om die aanvalle van die Bose af te weer.

Die Here is LANGS jou om jou in Sy arms toe te vou.

Die Here is RONDOM jou om jou te beskerm.

Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy val.

Die Here is BOKANT jou om jou te seën.

Die Here is BINNE jou om jou te lei met Sy Heilige Gees.

So seën die Drie-Enige God jou van nou af tot in ewigheid.

Amen